*There's a taste in my mouth as desperation takes hold …*
– "Love will tear us apart again", Ian Kevin Curtis, liriekskrywer, Joy Division

*… I would cry a thousand more*
*if that's what it takes to*
*sail you home …*
– "1 000 oceans", Tori Ellen Amos

# 14 FEBRUARIE

## XANDR

Ek is nie seker hoe lank ek my asem kan ophou nie. Duiseligheid tref my soos ’n knie teen die kop. My oë sukkel om te fokus.

Durf ek?

Een klein teug.

Ek vervloek myself byna dadelik. Die een kosbare teug vul my longe, laat die newels lig en my dronk oë bedaar. Maar die teug uit ontplof soos ’n helder fakkelsein wat die donker nag verlig en die wêreld presies vertel waar ek is.

En sonder om te oordryf is dit waarskynlik die heel slegste ding in hierdie spesifieke situasie wat jy jou kan verbeel.

Maar daar is geen verbeelding hieraan nie.

My wasem kleef aan die vuil ruit soos fluoressente graffiti. My mond enkele millimeters weg. Die wasem bly net daar. Ek skrik so groot daarvoor dat ek sommer weer asemhaal, en uitasem. Nog ’n fakkelsein – net ingeval die moordlustige malkop met die lem so lank as die Hillbrow-toring my nog nie gewaar het nie. ’n Baie onnodige: “Hei! Hier’s ek, Malkop, kom slag my.”

Die stadige draai van sy kop in my rigting bevestig my vrese. Deur die gekraakte, vuil – en nou toegewasemde – ruit lyk hy nog meer monsteragtig, ’n ogre gekruis met iets uit een van daai alienflieks. Nie goed nie.

Veg? Vlug? Vries? Jou broek natmaak?

Veg sou net een uitkoms hê, so, dis ’n nee. Vries is die waarskynlikste, en jou broek natmaak die vanselfsprekendste, maar tot my verbasing kies my instink toe vlug.

Ek wriemel tussen die bakstene deur, stamp twee planke van my af, kruip oor die gruis en stamp my kop ’n paar keer op soek na ’n uitgang. Dis ontsettend nou en donker onder die gebou. Die gaping tussen die gebou se ontblote fondasie en die betonblad wat eens die grondvloer was, is eintlik te nou vir my, maar terug kan ek nie. Dit herinner my aan ’n kraai se bek wat op ’n skreef oop is. Ek het amper

te laat skuilplek gekry agter daardie ou vensterraam wat tussen die krake te lande gekom het. Opsies was beperk: Kruip agter die vensterraam in en hou op asemhaal of hoop ek ontwikkel in 'n oogwink die magiese krag van onsigbaarheid. Vir die rekord, ek het toe nie onsigbaar geword nie. Die wolk het hierdie huis nogal gelooi. Ek wens daar was beter opsies, maar dit was al gebou wat die moontlikheid gebied het om te skuil.

Want Malkop is al lank op my spoor, van hy my by daai petrolpomp gewaar het, so 'n kilometer hiervandaan. Ek kon effens vinniger as hy hardloop, maar nou …

Ek wens ek het Flip saamgebring. Ek wens Rufus was hier. Ek wens sy is nie met die boot weg op pad na daardie passasierskip in die middel van die oseaan nie. En ek wens haar veragtelike pa het my nie in die vrot water gestamp nie.

Hou op dink!

Ek beur vorentoe. Die kraak in die huis vou al hoe meer om my, soos 'n lus. Die kraai maak sy bek toe. As Malkop my nie kry nie, gaan ek hier vasgepen word en vergaan.

Daar is bloed op my arms en bene, ek sien dit nie maar voel dit. Warm. Klam. Klewerig.

Ek draai links. Nog 'n kraak. Nog 'n gaping. Hopelik nie 'n doodloopstraat nie.

Die puin waardeur ek kruip, speel met my kop. Dit lyk op 'n bisarre manier soos die prentjie daai aand in Port Edward toe kolonel Hlela, ou Growwestem self, met die bakkie in die versperring vasgejaag het om ons 'n ontsnappingskans te gee. Net om oomblikke later saam met Vergeetbaar en Langeraat die gevaar tegemoet te loop en die hele Port Shepstone-spul aan te vat. Ek wonder of hulle oorleef het, maar drie mense is nie juis 'n weermag nie, so, daar is seker nie veel om oor te wonder nie. Die kolonel sou nogal 'n handige een gewees het om nou hier te hê. Alaia se gesig flits skielik deur my gedagtes. Die mooi Indiër-vrou wat haar kans op oorlewing prysgegee het om haar verloofde te gaan soek. Nou het die damwal gebars. My kop gooi nette uit in my herinneringe. Wat het van Driehoekgesig geword? En daai ou man in Lesotho? Almal in my basketbalspan? En daai blonde stuk gemors van Matatiele – Bernt? Net die gedagte aan hom wil my laat opgooi. Sy vuil hande op Rufus. Net toe ek gedink het ons is dalk … Ek weet nie.

“Nêrens om te skuil nie, seuntjie!” bulder Malkop. Dit voel amper of dit vibreer, asof hy bo my loop en net wag dat ek my kop uitsteek.

Moet ek stop? Stil wees? Hoop hy gaan weg?

Tog lyk dit asof my gedagtes geen impak op my liggaam het nie. Dis eerder twee onafhanklike dinge; die een luister nie na die ander nie. Want ek kruip nog steeds. Breek nog steeds stukkies beton of baksteen met my liggaam af. Alles goed wat raas. Alles goed wat my posisie weggee, nes my verdomde wasem vroeër.

My brein probeer alles prosesseer. Nie net dit nie, ek dink ook aan hoe dit gaan afspeel. A) Hy wag vir my, waar ek ook al eindig. Game over. B) Ek kom uit, maar hy haal my in. Game over. C) Ek raak verstrengel in die puin. Game over. D) Ek word wakker uit ’n diep en belaglike nagmerrie. Ek wens.

Dis interessant hoe mens se brein funksioneer. Duidelik probeer dit my gedagtes weglei van hierdie persoonlike armageddon. Ek dink aan my ma wat baie bekommerd sou gewees het oor die snye wat ek opdoen.

“Maak seker jy ontsmet dit deeglik,” hoor ek haar stem in my geheue, “en hou dit dop, hoor. Enige rooierigheid …”

Maar tetanus is op hierdie oomblik nogal laag op die lys van grootste gevare in my lewe.

“Weet jy hoe dit voel as ’n lem deur jou maag gesteek word?” skree Malkop.

Dankie! Kan ek my nie maar eerder oor wondontsmetting bekommer nie? Dalk is dit nie eers snye aan my nie, dalk sweet ek bloed. Want ek kry koud, voel naar. Siek. Die ergste is dat ek weet al die moeite om ’n weg uit hierdie kraai se bek te kry gaan my niks baat nie.

Vir ’n oomblik oorweeg ek dit om maar net hier te bly lê. Malkop is hopeloos te groot om hier in te pas. Hel, eintlik is ek ook. Is dit nie beter om maar net hier te wag nie? Sekerlik gaan hy iewers moet moed opgee?

Toe hoor ek dit. Buiten die geswoesj van ’n lem deur die lug, waarskynlik die laaste ding wat ek wil hoor: beton wat kraak.

Nie soos ’n houtvloer waaroor iemand loop nie, nee. Kraak soos in inmekaartuimel.

Hierdie dag bly my net eenvoudig verras: Elke keer as ek oortuig is dit kan nie erger nie …

Ek kruip soos ’n maniak. Bakstene, stukke beton, versterkingstawe, alles kom en gaan. Ek stamp dit uit die pad, kry nog snye, maar ek gee nie meer om nie. My eenpersentkans teen die man met die lem klink skielik na ’n goeie kans om te vat in vergelyking met Xandr wat pannekoek word.

’n Vreemde gevoel vul my toe ek ’n stuk beton met my linkerhand eenkant toe skuif en die skemerlig voor my sien. Dis seker maar daardie gevoel wat mens op jou sterfbed kry. Jy hoor altyd mense sê hulle weet dis nou tyd. Wel, ek weet dit ook, maar daar is nie juis ’n hemelse vrede oor my nie. Eerder ’n helse angs. In die vorm van ’n twee meter lange, bloeddorstige freak met die wêreld se langste lem. Om die waarheid te sê, ek sien die lem voor ek hom sien, daar in die nou opening wat na buite lei. Die opening wat enige oomblik sy bek gaan sluit.

“Jy’t gedink jy kan my petrol sommer net so kom steel? Sonder risiko? Sonder straf?” skree Malkop van buite af.

Al waaraan ek kan dink, is Rufus. Die gedagte aan haar laat my glimlag, maar ruk terselfdertyd my hart uit my borskas.